
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, December 20, 2019
Page: 30





# Die dood is nie jou einde nie

**Hoewel dit nie lekker of maklik is om daaroor te praat nie, moet heelwat reëlings getref word voor jy sterf – of anders gaan jou naasbestaandes met die gebakte pere sit in die hartseer tyd ná jou dood.**

Kom ons gesels oor doodgaan, of liewer, oor die lewe vir jou naasbestaandes nadat jy oorlede is. Dit is mos 'n onderwerp wat die meeste mense vermy, is dit nie? Ons praat liewer van "as ek iets oorkom".

Wel, ek het nuus vir diesulkes. Neem my woord daarvoor: Jy gaan nie "iets oorkom" nie, jy gaan dood. Dit is 'n feit van die lewe.

Maak dus vrede daarmee en sorg dat jou finansiële beplanning reg is. Die minste wat jy kan doen, is om nie jou naasbestaandes met 'n finansiële en administratiewe nagmerrie ook te laat so tussen die hartseer en verlange deur nie.

Ek wil dit nie 'n doodslys noem nie, want dit is selfs vir my 'n bietjie donker, maar ek wil tog 'n paar dinge voorstel wat gedoen moet word.

## DOENLYS VOOR AFSTERWE

Die belangrikste is dat jy behoorlike boedelbeplanning moes gedoen het. Jy los nie jou geliefdes met skuld nie. Genoeg geld moet beskikbaar wees, deur bv. lewensversekering, om hul finansiële toekoms te verseker.

Jy moet ook 'n sinvolle testament hê. Daar word hopeloos te veel kortpaaie met testamente gekies. Suid-Afrika se howe kan getuig van die onmin tussen familielede omdat die pa of wie ook al 'n kortpad gekies het met sy testament. Moenie in hierdie slaggat trap nie.

Bêre jou testament op 'n plek waar jou vrou, man en/of kinders dit ná jou dood kan kry. Hulle weet nie altyd van die een wat by die makelaar, prokureur, ouditeur of by die bank lê nie. Hulle weet ook nie of daar dalk by elkeen 'n ander weergawe lê nie.

Hier is 'n voorbeeld van wat kan gebeur. In die onlangse saak, FNB Fiduciary vs. Anappa e.a., in die hooggeregshof in KwaZulu-Natal het die naasbestaandes nie geweet van 'n testament nie. Die oorledene se vrou is as eksekuteur aangestel as sou dit 'n intestate (sonder testament) boedel wees. In die proses is 'n beslote korporasie verkoop.

Die hof het beslis al was die aanstelling as eksekuteur foutief, maak dit nie haar optrede as eksekuteur ongedaan nie. Intestaat het soms die gevolg dat mense wat jy beoog het om te erf, nie sal kan erf nie, of dat diegene wat jy nie wou laat erf nie, kan erf.

'n Fisa-kollega, Nico Botha, noem nog 'n paar probleme. Die departement van binnelandse sake weet soms nie van die egskeiding of van die vroeëre afsterwe van 'n gade nie. Die sterftesertifikaat toon dan verkeerdelik dat die oorledene getroud was. Om dít verander te kry, is 'n yslike probleem, veral by intestate boedels. Die meester van die hof sal dan gewoonlik weier om 'n eksekuteursaanstelling te doen. Maak dus seker jou huwelikstatus is aangeteken en bygewerk.

Maak seker die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) het jou korrekte identiteitsnommer. Die laaste drie syfers van die ou identiteitsnommer het in 'n stadium verander. Indien dit nie in die SAID se rekords aangeteken is nie, gaan die eksekuteur sukkel om toegang te kry om jou belastingsake af te handel.

Bêre die registrasiesertfikaat van jou voertuie op 'n plek waar iemand dit kan kry, anders gaan die lisensiekantoor vereis dat die eksekuteur persoonlik daarom aansoek doen.

## BELANGRIKE BANKSAKE

Indien jy sakebelange in 'n maatskappy of beslote korporasie het, moet jy seker maak die jaarlikse opgawes by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom is bygewerk. Dikwels is die entiteit onaktief, en dan moet die eksekuteur dit laat deregistreer. Soms is dit reeds gederegistreer weens uitstaande jaarlikse opgawes, wat moeilikheid skep vir die eksekuteur om te voorkom dat dit aan die staat verbeurd verklaar word.

Jou bankrekening word by dood "gevries". Die bank sal egter gewoonlik graag behulpsaam wees met 'n oortrokke gerief. Rente sal egter op die skuld betaal moet word, terwyl daar dalk meer as genoeg geld in die rekening was, as die naasbestaandes maar net toegang daartoe gehad het. Dink prakties hieroor en maak betyds 'n plan. **LBW**

*Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**, **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.